

HEILBRON

HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

Oudburgemeester en man genoem in tenderafpersingszaak



Ngwathe se voormalige burgemeester, Victoria de Beer-Mthombeni, en haar man word volgens berigte deur News24 en Netwerk24 verbind met 'n beweerde afpersingskema waarin kontrakteurs glo met die kansellering van munisipale kontrakte gedreig is indien hulle nie omkoopgeld betaal nie.

Volgens die berigte is 'n brief, gedateer Maart 2025, as deel van getuienis aan die Valke oorhandig. Die besturende direkteur van Moroka JV Mbunana Building beweer daarin dat senior ANC-amptenare in die Fezile Dabi-streek R3 miljoen geëis het. Indien hy nie betaal nie, sou sy munisipale waterkontrak ter waarde van R58 miljoen glo gekanselleer word.

Valke-woordvoerder AO Fikiswa Matoti het volgens die berig bevestig dat tenderonreëlmatighede in die Fezile Dabi-distriksmunisipaliteit ondersoek word. Besonderhede oor die ondersoek kon egter nie in dié stadium bekend

gemaak word nie. Dié bevestiging is nie op sigself 'n bevinding teen De Beer-Mthombeni of haar man nie.

Netwerk24 berig dat De Beer-Mthombeni om kommentaar genader is, maar teen publikasietyd nie gereageer het nie.

In 'n afsonderlike verwikkeling het die hooggeregshof volgens 'n DA-verklaring die Nkwathe-raad se besluit om Futhuli Patrick Mothamaha as munisipale bestuurder aan te stel, as irrasioneel, ongeldig en nietig verklaar.

Carina Serfontein, die DA se burgemeesterskandidaat in Nkwathe, het 'n volledige, onafhanklike ondersoek na die aanstellingsproses gevra. Sy meen daar moet vasgestel word of wesenlike inligting doeltreffend van die raad weerhou is en of enige wette oortree is.

Die bewerings oor tenderafpersing is nog nie as bewese feite vasgestel nie.

Bron: Netwerk24, met verwysing na News24 en 'n DA-verklaring.

SHORT TERM TRUST
BROKERS - MAKELAARS

HET JY 'N PRODUKSIELENDING (OESFINANSIERING)

✗ Jy hoef nie oesversekering by die Finansieringshuis uit te neem nie.

✓ Met ons unieke **OESVERSEKERINGS BONUS** kan jy geld terug in jou sak sit al het jy 'n produksielening by die kooperasie.

Kontak ons vandag nog vir 'n kompeterende oesversekeringskwotasie

santam **Agri Seker** **GEMOEDSRUS**
Authorised Financial Services Provider 43364

Skakel Dewald Buys 082 301 4020 | Riaan Pretorius 066 228 8823

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491

Waar sake elke keer, die eerste keer, reg gedoen word!

NOVON PROTECTA Johnny Claassen - 082 779 3417

JCB Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

HIGH FERT Hf KUNSMIS Eben Claassen - 072 581 7627

UIT DIE PEN:

Week 41



Waar ons in ons Oos-Vrystaatse dorpie gebly het, was daar geen TV sein nie. Niks. Daadie tyd moes ek toe die belegging maak om DSTV te kry. Ek het soos ’n skatryk mens gevoel. Skottel opgesit en dekodeerder gekry. Wonderlik. In daardie 15 jaar of meer het ek nie probleme van enige aard gehad nie. Wel, nie met DSTV nie. Maar helaas. Vandat ons in die groot Pretoria bly, het ek seker al vier nuwe dekodeerders aangekoop. Die voorlaaste een was in Meimaand hierdie jaar. Ek kry die nuwe dekodeerder vanaf Takealot. Baie opgewonde oor my pakkie. Ek installeer die outjie. Maar geen sein nie. Ek kry vir DSTV op WhatsApp in die hande. Die bot antwoord my. *O, how I hate bots. Let me count the ways.* Daar is

’n hele klomp vrae wat ek eers moet antwoord. Ek redeneer met die bot: daar is sowaar geen gat iewers in die dekodeerder waarin ’n SIMkaart in sy huidige vorm kan inpas nie. Bot reken daar moet ’n SIMkaart wees. Uiteindelik kom ek agter dat jy op die WhatsApp “agent” intik, kan jy, steeds per WhatsApp met ’n mens praat. Die mens kry dit reg om die nuwe dekodeerder op te stel: die nuutstes het ’n SIMKaart ingebou. Die *blerrie* bot het dit nie geweet nie. Wil ek versekering hê, vra die agent. So raak die dekodeerder net al hoe meer deurmekaar. Die boodskap op die skerm is “Your home of entertainment.” Ek rapporteer dit so aan die DSTV WhatsApp lyn. Wat staan op die skerm, vra die bot. Ek verduidelik wat op die skerm staan. Wat staan op die skerm, vra die bot. Ek verduidelik weer. Die bot is weer nutteloos. Ons kommunikeer so vir 40 minute, sonder enige sukses. Ek kontak ’n DSTV regmaker. Of so sê hulle. Hy besoek ons huis en vra R450 om ’n paar knoppies te stel en my HDMI kabel in te druk sodat ons ’n beter beeld het. Die man is meer geïnteresseerd in ons hekke as om sy volgende WhatsApp te beantwoord toe die dekodeerder weer sy streke uithaal. Uitmoedeloosheid vra ek vir Takelot om hierdie skukkende dekodeerder met ’n heel een te vervang. Wat hulle, tot my stomme verbasing, binne 10 dae doen. Nou begin die stryd weer. Die bot weet nog nie dat daar nie ’n SIMKaart is nie. In die staanspoor tik ek “agent” en hulle boodskap sê dat hulle solank na ’n agent soek.

Ek wil net weer my dekodeerder aan die gang hê. I don’t understand your request. *Please refer to the menu below.* Terwyl die bot na die agent soek, vra hulle solank of ek versekering wil hê. Dis die laaste ding waarin ek nou belangstel. *Rinse en repeat*, nogsteeds. Die agent sê ek moet die aansitknoppie vir soveel sekondes druk, die LNB kabel uithaal, soveel minute wag en doen dan dit en doen dat. En het ek versekering? Ek grom intern. Ek word net al hoe kwater. Ek kan verstaan hoekom MultiChoice in finansiële moeilikheid is. As ek net nie so baie van die programme gehou het nie, het ek nou dadelik dié diens gekanselleer. Ek wag en ek wag. O, sê die agent, toe dié uiteindelik aan die lyn kom, jou rekening is uitstaande. Ek dog ek val flou. Verduidelik vir my in woorde van een lettergreep elk: hoe is dit moontlik, as ek stiptelik op die eerste dag van die maand betaal en dis nou 27 September? Die agent bly lank stil totdat hy uiteindelik sê dat DSTV vir my twee keer vir dieselfde diens gefaktureer het. Maar ek moet nie bekommerd wees nie, dit sal binne 24 – 48 uur reggestel word. En omdat dit hulle fout was, sal hy seker maak dat die diens binne 24 uur terug is. En wil ek versekering hê? *Rinse and repeat.* Nee, maar kan ek die details van jou hoof kry? Ek sal graag ’n vriendelike e-pos vir hom stuur. Geen reaksie. Die gesprek neem die beste deel van twee ure. Uiteindelik sien ek dat die diens

weer aan die gang is, weliswaar 36 uur nadat ek dit aangemeld het. Ek sien egter nie ChatchUp nie, en kan ook nie die diens stroom nie. Ek vra weer vir die *blerrie* bot. Die bot is bot. My rekening is uitstaande sê die bot. Luister, perd, my rekening is nie uitstaande nie. Lees die vorige gesprekke en jy sal agterkom dat julle, wat DSTV en MultiChoice is, die fout gemaak het. Wil ek versekering hê? *Rinse and repeat.* Ek stuur skermkote van die vorige gesprekke met die agent. Die nuwe agent neem omtrent 10 minute om die gesprek te volg. Neem asseblief kennis dat jou rekening uitstaande is. Ek ontplof net daar. Kan ek die details van jou hoof kry? Ek sal graag ’n vriendelike e-pos vir hom stuur. Geen reaksie. Gelukkig is dit nog oor WhatsApp, en hulle kan nie hoor wat ek eintlik presies wou sê nie. Hoekom ek dit nie vroeër gedoen het nie, weet ek nie, maar ek skakel, uit radeloosheid DSTV se lyn (0112892222 – onthou die nommer!). Die vriendelike dame luister geduldig na my relaas. Dit neem haar omtrent 12 minute om my diens heeltemal te herstel. Sy kan sien dat my rekening op die eerste van elke maand betaal is, en kan nie verstaan hoekom ek nie CatchUp kan sien nie. Klik, kliek, hoor ek, en daar is alles terug soos wat dit was. Ek dog ek val haar om die hals. Hierdie week het ek weer geleer dat daar regtig, diep binne-in die hart van ’n organisasie iemand is wat kan help. Maar dis diep, baie diep, en nie almal kry die voorreg om dit te kan gebruik nie.

Riemland Museum groet

Voorsitter Lanzo Soothill

• *Geskryf deur Maria van Schalkwyk*

Dis met 'n hartseer hart dat Riemland Museum vir Lanzo Soothill groet. Lanzo het die Museum die afgelope 3 jaar nuwe hoogtes laat bereik met sy leiding as Voorsitter van die museum. Met totale vasberadenheid en deurstellingsvermoë

het hy, saam met die komitee, gewerk om Riemland Museum na hoër hoogtes te neem. Dit is met dankbare, maar hartseer harte dat ons vir Lanzo sterkte toewens vir sy pad vorentoe. Die huidige komitee gaan sterk in Lanzo se voetspore volg en ons weet hulle is baie bekwaam om die museum op 'n plek te kry waar Heilbron en Riemland Museum sal uitstaan as 'n baken in die Riemland distrik. Indien daar mense en besighede is wat kan hulp verleen met instandhouding en finansies om hierdie doel te bereik, kontak asseblief vir Piet Lombard 082 466 5750. Lanzo, baie dankie vir alles wat jy vir Riemland Museum gedoen, en beteken het. Jy gaan verseker gemis word.



Gedenkdien
Gideon Swart

Vrydag 9 Oktober om 14h00

NG Moederkerk Heilbron (Hoofstraat)

PitStop vir Jesus bied aan

Christo Botha

- Jou verhaal is nog nie klaar nie -

17 Oktober 2026

te Heilbron-Suid
Kerksaal, om 14:00,

Gratis

Ingang & Ete

Laaste spreker
vir die jaar!
Almal welkom!

Besprek teen 14 Okt
Tanya: 083 975 8264
Allet: 060 518 1775



Riemlandtak bied suksesvolle skietdag aan

Die afgelope Saterdag het die Riemlandtak van Vrystaatjagters hul groeperingskiet aangebied. Daar was heelwat skuts teenwoordig. Die kompetisie was straf en elke skut het gedink die kaliber waarmee hy skiet is die akkuraatste. Nadat alles gemeet en beoordeel is, is die uitslae soos volg: 1ste Hencú Pretorius.308, 2de Japie Steyn 6mm Dasher en 3de Kobus Piek.243. Die 3 skuts het pryse ontvang wat deur Weldoet Boerdery van André van Rensburg geborg is.

Two suspects arrested for possession of suspected drugs during operation Shanela II

Heilbron: Sunday, 04 October 2026 – Members of the Sasolburg Public Order Police (POP) arrested two suspects, aged 28 and 40, in separate incidents for possession of suspected drugs during Operation Shanela II. On Friday, 02 October 2026, members of the Sasolburg POP were conducting patrols in Heilbron when they received information about two premises allegedly being used for drug dealing. Upon arrival at the first address, the members found a 40-year-old man in possession of suspected drugs. Two ziplock bags containing crystal meth and a quarter of a Mandrax tablet were confiscated, and the suspect was arrested. The members proceeded to the second address, where they found a 28-year-old man in possession of 15 ziplock bags containing crystal meth. He was also arrested. Both suspects are expected to appear before the Heilbron Magistrate’s Court soon on charges of possession of suspected drugs.

Edward & Sonja bekroon as Ludorum-wenners

Edward en Sonja het hul merk in die 2026-rolbalseisoen gemaak nadat die egpaar onderskeidelik as Victor en Victrix Ludorum 2026 aangewys is.

Die prestasie is veral besonders vir Edward, wat die Victor Ludorum-titel vir die tweede agtereenvolgende jaar verower het. Sonja het intussen ook 'n uitstekende seisoen beleef en die Victrix Ludorum 2026-titel ingepalm.

Die Ludorum-titels word nie op grond van slegs een kompetisie bepaal nie, maar volgens die punte en prestasies wat spelers gedurende die hele seisoen in die Valsrivier opbou. Konsekwente deelname en goeie uitslae deur die seisoen speel dus 'n belangrike rol in die finale puntestand.

Vir Edward en Sonja is dit 'n besondere prestasie om albei aan die einde van die seisoen as die onderskeie Ludorum-wenners aangewys te word. Dit beklemtoon nie net hul individuele vermoë op die rolbalbaan nie, maar ook



Edward en Sonja Muller (Victor en Victrix Ludorum 2026).

die sukses wat die egpaar gedurende die 2026-seisoen behaal het.

Edward se tweede agtereenvolgende Victor Ludorum-titel bevestig sy konsekwentheid oor die afgelope twee seisoene, terwyl Sonja se Victrix-titel haar eie sterk seisoen bekroon.

Subbe skitter by Junior Nasionale Kampioenskappe

Plaaslike jong skuts het die afgelope naweek hul staal gewys tydens die SA Jagters-Hunters Junior Nasionale Kampioenskappe in Welkom, waar hulle teen van die beste junior skuts in die land meegeding het.

Carina van Niekerk het in die O/16-afdeling 'n besondere prestasie gelever deur 9de in die land in die luggeweerafdeling te eindig.

In die O/18-afdeling het Tanya van Niekerk eweneens sterk presteer. Sy het 'n 9de plek in die luggeweerafdeling behaal en haar naweek verder bekroon met 'n indrukwekkende 4de plek in die vuurwapenafdeling.

Die twee jong skuts se puik uitslae is 'n bewys van hul harde werk, toewyding en deursettingsvermoë. Hulle kan met trots terugkyk op 'n suksesvolle nasionale kampioenskap.



Op die foto agter: Koos van Niekerk. Voor vl: Tanya, Koos Jnr., Carina en Jeanette van Niekerk.

Baie dankie Heilbron!



• VVA Bestuur

Julle ondersteuning by ons eerste straatverkope op 2 Oktober word grootliks waardeer! Ons maak weer so op 30 Oktober 2026 en 6 November 2026. Alle fondse wat deur Heilbron VVA geïen word, word aangewend vir skoolbenodighede vir 2027. Dankie vir elke bydrae! Dit maak 'n verskil in ons behoeftige kinders se lewens.

Duisend dankies aan VKB, Hinterland, BKB, Arrie Nel Apteek, Platteland Apteek, Oasis, Plaaskombuis, Shalom, Bonus, Heilbron Herald, Salon Geody, Twist & Curl, Salon Zinadri en Kopanang wat loodjie vorms aan die publiek beskikbaar stel. En natuurlik: sonder elkeen van julle se loodjie aankope en skenkings, sal die VVA Heilbron se impak op die gemeenskap nie so groot kon wees nie. Ons bedank jou! Skenkings kan by Salon Geody afgegee word.

Vir enige navrae, kontak gerus ons vriendelike bestuur: Rachelle Booysen 0730211073, Riana Mouton 0733787940, Ina Slabbert, Lydia Terre Blanche, Nita Naude en Yvonne Smit.

Vrystaat Versorging in Aksie

Vir slegs **R20**, en 'n kans om hierdie heerlike koek te wen, help **JY** ons om ons dorp se kinders te help met nodige skryfbehoeftes.

TREKKING VIND PLAAS op 30 OKTOBER 2026.

- Agter elke sukses-verhaal is daar hande wat gehelp het.
- Agter elke gemeenskap wat groei, is daar harte wat omgee.
- Agter elke toekoms van hoop, is daar vrywilligers wat kies om betrokke te raak.

Kaartjies is by talle besighede in Heilbron te koop.

Vir enige navrae kontak Rachelle 073 021 1073 of Riana 073 378 7940

Dankie JY MAAK 'N VERSKIL!

TREKKING VIND PLAAS op 30 OKTOBER 2026.

Back2School

ALLES VIR 'N SUKSESVOLLE SKOOLJAAR!

2027 Skool Skryfbehoeftes

Hoe Bestel Ek?

- 1 Stuur vir ons u kind se skryfbehoeftes lys. Enige ekstra benodighede kan op die lys aangeteken word. E-pos: heraldwinkel@heilbron.co.za W/App: 060 817 9911
- 2 Ons pak elke kind se skryfbehoeftes boks volgens sy lys.
- 3 Ons stel u in kennis wanneer dit gereed is asook die bedrag.
- 4 Kontak vir Thea of Connie vir enige navrae. Tel: 058 852 3033/4

Vooraf Afbetalings Welkom

Bestel Vroegtydig, Moenie wag tot Januarie

Ons maak Back to School **MAKLIK**

Heilbron Herald
44 Els Str. Heilbron

✓ KWALITEITSPRODUKTE ✓ PERSOONLIKE DIENS ✓ GEMAKLIK ✓ BESPAAR TYD

HUIS-BRON-V-HEIL BASAAR

24 Oktober 2026

Tema: Raai wie is ek?
(Trek aan soos 'n karakter en wen 'n prys)

Koektafel
Poedingtafel
Pannekoek
Sosaties
Kerrie en rys
Koffie en koeldrank
Braaipakke en vure

Kom kuier saam van 09:00. Sien jou daar!

Huppel Trippel leer oor Demensie en Alzheimer

Buite was dit 'n lieflike lentedag; en in die eetsaal het omtrent 40 belangstellendes in afwagting gesit om te hoor wat Riana Stadler, ons spesiale gas oor die onderwerp sê.

Riana het uitvoerig verduidelik wat die verskil tussen Demensie en Alzheimer is; en van die 6 soorte wat onderskei kan word. Ná haar aanbieding was daar vraetyd en 'n lewendige vraag en antwoord-sessie het gevolg. Riana het spesiale klem geplaas op die feit dat 'n persoon wat aan hierdie toestand ly, met deernis en respek behandel moet word. Om die humor in alledaagse situasies te kan raaksien, maak dit vir almal makliker. Op 20 Oktober is dit ons kwartaallikse Rolstoeldag. Jy is baie welkom om te kom deelneem.

Op die foto regs: 'n Paar aanwesiges ernstig in gesprek oor hierdie aktuele onderwerp. Vlnr: Nonna Roos, Quarta Pretorius, spreker Riana Stadler en Alberta Kühn.



Lumé skryf geskiedenis vir Heilbron-krieket



Hoërskool Heilbron se jong krikettalent, Lumé Terblanche, het onlangs 'n besondere mylpaal bereik nadat sy opgeneem is in die Vrystaat se o/13-dogterskrieketspan.

Lumé se insluiting in die provinsiale span is 'n groot prestasie en 'n bewys van haar harde werk en toewyding op die krieketveld.

Sy sal nou die Vrystaat op provinsiale vlak verteenwoordig en haar staal meet teen van die beste jong kriketspelers in die provinsie.

Vir Hoërskool Heilbron is haar prestasie 'n bron van groot trots. Lumé is 'n bewys dat talent en harde werk uit 'n klein dorpie tot op provinsiale vlak kan lei.

Die Heilbron-gemeenskap wens Lumé baie geluk met hierdie besondere prestasie en glo dat dit die begin van nog groter dinge in haar krieketloopbaan is.

Klein hande, groot hulp



Terwyl ander kinders die vakansie geniet het, het Janro en Leandi Redelinghuys besluit om hul hande uit die moue te steek en saam met hul oupa, Bokkie, 'n handjie by te sit om die pad na Vegkop te verbeter. Die twee het ywerig gehelp om slaggate toe te gooi en só hul deel gedoen om die pad 'n bietjie beter en veiliger vir motoriste te maak. Dit is juis sulke klein handeling wat wys dat 'n mens, ongeag jou ouderdom, 'n verskil kan maak. Janro en Leandi se bereidwilligheid om te help, verdien beslis 'n pluimpie!

Jancare bring bestuursopleiding terug na Heilbron

Jancaré BESTUURSKOOL
Heilbron • Vrystaat
Jou pad na vryheid begin hier!

Ons bied:

K53 LESSE

- ✓ Praktiese en teoretiese opleiding
- ✓ Ervare en geduldige instruksies
- ✓ Veiligheid en selfvertroue op die pad

BESTUURSKLASSE VIR KODE 8 LSENSIES

- ✓ Duidelike en maklike verduideliking
- ✓ Alles wat jy moet weet
- ✓ Gereed vir jou eksamen

Kontak
Carika Potgieter | 084 430 6053

Heilbron • Vrystaat

Leer vandag, ry môre!

Heilbron is vir byna die hele tyd sedert die Covid-19-pandemie sonder 'n bestuurskool, wat beteken het dat jongmense elders moes gaan aanklop vir bestuursopleiding en lesse.

Carika Potgieter het dié behoefte raakgesien en besluit om 'n bestuurskool in Heilbron te begin. Haar doel is om leerders die geleentheid te bied om plaaslik professionele en deeglike opleiding te ontvang voordat hulle hul bestuurslisensie-eksamen aflê.

Die nuwe bestuurskool, Jancare, bied K53-lesse, asook teoretiese en praktiese opleiding vir 'n Kode 8-bestuurslisensie. Leerders word deur die volledige proses begelei – van die teorie en K53-opleiding tot praktiese bestuur en voorbereiding vir die bestuurslisensie-eksamen.

Potgieter het reeds een van haar drie dogters self opgelei, en albei het hul bestuurslisensies vinnig en met selfvertroue verwerf.

Om Jancare se opleiding verder te ondersteun, sal 'n ervare bestuursinstrukteur ook saam met Carika werk en haar met die praktiese opleiding van leerders bystaan.

Met Jancare wil Carika nie net leerders help om hul bestuurslisensies te bekom nie, maar hulle ook toerus met die kennis, ervaring en vaardighede om verantwoordelike en veilige bestuurders op Heilbron se paaie te wees.

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald.

Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron, 9650

School of Destiny
RAISING future leaders WITH FAITH, LOVE & PURPOSE.

AT SCHOOL OF DESTINY, WE BELIEVE:

- Every child is loved unconditionally
- Faith guides everything we do
- Learning with purpose & excellence
- Character is just as important as knowledge

★ Train up a child in the way he should go... Proverbs 22:6

Registrations are open for 2027 from Grade R up until Grade 8.

COME DISCOVER THE SCHOOL OF DESTINY DIFFERENCE Where faith • love • learning • and purpose come together.

Contact: 0588531239 Email: sod1@skysat.co.za Love • Pray • Obey

CALENDAR

2027

Heilbron Herald Pricelist

Prices include VAT and a standard design

Heilbron Herald

44 Els street,
Heilbron, 9650

herald@heilbron.co.za

058 852 3033

083 495 5512

A4 Wall Calendar

Full Colour Print on Gloss Board, 297x210mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 220	R 200	R 420
50	R 280	R 280	R 560
100	R 360	R 350	R 710
300	R 700	R 620	R 1 320
500	R 1 000	R 980	R 1 980
1000	R 1 800	R 1 720	R 3 520

A3 Wall Calendar

Full Colour Print on Gloss Board, 420x297mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 240	R 220	R 460
50	R 360	R 320	R 680
100	R 500	R 500	R 1 000
200	R 850	R 800	R 1 650
300	R 1 240	R 1 000	R 2 240
500	R 1 740	R 1 700	R 3 440
1000	R 3 330	R 3 200	R 6 530

Folded Triangular Desk Calendar

Full Colour Print on Gloss Board, 210x297mm
Triangle Desk Calendar, Three Viewing sided

Qty	Deposit	on Delivery	Total
100	R 780	R 750	R 1 530
200	R 1 060	R 1 000	R 2 060
300	R 1 240	R 1 200	R 2 440
400	R 1 460	R 1 400	R 2 860
500	R 1 650	R 1 600	R 3 250
1000	R 3 000	R 2 740	R 5 740

Wiro Tent Desk Calendar

Full Colour Print on Gloss Board,
Ringbided, Fold Over Pages, 2 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 880	R 800	R 1 680
100	R 1 430	R 1 300	R 2 730
200	R 2 520	R 2 400	R 4 920
500	R 4 720	R 4 720	R 9 440

A3 Wiro Wall Calendar

Full Colour Print on Gloss Board, Wirebind Top,
Month to View + Front Page, 297x420mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
5	850	800	R 1 650
50	2500	2500	R 5 000
100	4300	4300	R 8 600
200	7620	7500	R 15 120

A3 Desktop Calendar

Full Colour Print on Bond Paper + Backing Board,
Month to Month View, 297x420mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	530	R 500	R 1 030
50	1590	R 1 590	R 3 180
100	2620	R 2 620	R 5 240
250	5300	R 5 000	R 10 300
500	10000	R 8 800	R 18 800

A2 Desktop Calendar

Constant Colour Background Print on Bond Paper,
Only Black Colour Changes + Backing Board,
Month to view, 420x594mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	7000	R 6 400	R 13 400
100	8290	R 7 000	R 15 290
200	10180	R 9 000	R 19 180
500	14840	R 12 000	R 26 840

Fridge Magnet Calendar

Full Colour Print directly on Fridge Magnet,
12 Month View, 200x220mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	250	100	350
50	880	800	1680
100	1570	1500	3070

A5 Custom Printed Diary

Standard 174 Black Inner Pages,
12 Monthly Planners, Year Planner, 1 Week to view
Custom Cover Laminated, Wire Bound

Qty	Deposit	on Delivery	Total
1	R195	R 0	R 195
4	R330	R 330	R 660
10	R750	R 750	R 1 500
20	R1 500	R 1 230	R 2 730
50	R3 200	R 2 940	R 6 140

Besigheids-
ure

Maandae -
Vrydae:
08:00 tot
16:30

Saterdag:
09:00 tot
12:00

POSTNET
HEILBRON

Elssstraat 42,
Heilbron
Tel: 058 853 0006

2027

DAGBOEKE
NOG BESKIKBAAR
TERWYL VOORRAAD
HOU!

Elssstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

SMALLS

Vir enige nuus en advertensies
vir die

Heilbron Herald

Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf
sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale
(tou/net). Velde of wenakkers.

Petrus Steyn, Frankfort,
Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL /
SNY &
BAAL ...

Vir sny-, hark-
en baalwerk.

Kontak Evert
Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE
per week oop vir die publiek en die tye is as volg:

Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag &
openbare vakansiedae.

KENNISGEWINGS

Form J193

NOTICE TO CREDITORS IN
DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned
estate must lodge it with the Executor concerned within
30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: English
Province: Free State
Estate Number: 6625/2026
Surname: Pretorius
First Names: Lorraine
Date of Birth: 1975/10/21
ID Number: 751021 0074 085
Last Address: Nr 78, 6th Street, Vegkop, District
Heilbron, Province Free State
Date of Death: 2026-04-26
Master's Office: Bloemfontein
Name of Executor or Authorised Agent:
Willem Andreas Pretorius
Address of Executor or Authorised Agent:
Nr 78, 6th Street, Vegkop, District
Heilbron, Province Free State
Period allowed for lodgement of claims: 30 days
Advertiser Name:
Cornelius & Partners Inc.
Address: 40 Church Street, Heilbron, 9650
E-Mail: aktesb@corven.co.za
Date Submitted: 2026/09/30
Tel: 058 852 2035
For publication in the Government Gazette on:
2026/10/09

KENNISGEWING VAN
TERINSAELEGGING

In die boedel van wyle ANDREAS HAEFELE,
ID 530706 5089 082, in lewe getroud, binne
gemeenskap van goed met SOPHIA ADRIANA
HAEFELE, ID 540722 0177 085 en woonagtig te
Plaas Vaderserf, Heilbron, Provinsie Vrystaat.
Meesterverwysingsnommer: 006843/2024
Hiermee word kennis gegee ingevolge Artikel 35(5)
van Wet No. 66 van 1965 dat die Eerste en Finale
Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde
boedel in die kantoor van die Meester van die
Hooggeregshof te Bloemfontein en in die kantoor van
die Landdros te Heilbron, vir 'n tydperk van 21 dae
vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê.
Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen
by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die
Eksekuteur oor tot die uitbetaling ingevolge gemelde
rekening.
LOUISE SNYMAN
RINGERSTRAAT 68, HEILBRON
082 965 4964

KENNISGEWING AAN KREDITEURE
EN DEBITEURE IN BESTORWE
BOEDEL

In die boedel van wyle JACOBUS SAAYMAN
DREYER, ID 430221 5001 088,
in lewe wewenaar en woonagtig te Nicolhof nr 1,
Kerkstraat, Heilbron, 9650.
Oorlede op 15 Augustus 2025.
Meesterverwysingsnommer: 6761/2025
Krediteure en debiteure word hiermee versoek om hulle
eise teen die boedel en hulle skulde aan die boedel in te
dien en te betaal binne 30 dae gereken vanaf datum van
publikasie hiervan.
LOUISE SNYMAN
RINGERSTRAAT 68, HEILBRON, 9650
POSBUS 809
HEILBRON, 9650
TEL NR: 082 965 4964

Neem asb kennis dat sperdatum vir
Advertensies en
Bydraes vir Vrydae
se koerant Woensdae
om 10:00 is.

Elssstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

POSTNET HEILBRON

COLLECTION & DELIVERY

Between Heilbron And The Vaal Triangle

EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY

R150 per parcel

SASOLBURG

VEREENIGING

VAN DER BIJLPARK

BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL

heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078

Besoek ons vir al
u skryfbehoeftes
benodigdhede

Neem asb. kennis dat die Heilbron
Herald se fabriek die 15de Des. 2026
sluit en DV die
16de Januarie 2027 open.

Die winkel sluit die 18de Des. 2026
en open die 5de Januarie 2027.

Laaste uitgawe vir 2026
Heilbron Herald
Kersuitgawe - 11 Desember
en eerste uitgawe 2027
DV 8 Januarie 2027

Elssstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk
deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: 058 852 3033/4/5
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

• Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
• John Watson john@heilbron.co.za
• Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
• Kobus kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• Silma marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za

(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512

• Carin heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• Hendie heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes)
• Marlene (Proeflees van koerant)
• Cara heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn,
Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei
op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in
briewe en rubrieke, is dié van die individue
en weerspieël nie noodwendig die siening
van die redaksie nie.

HERALD Sport

Vian Leeb wen Local Choice Maandbeker

Vian Leeb het verlede Saterdag die Local Choice Maandbeker-kompetisie by Heilbron Golfklub met 'n uitstekende nettotelling van 66 houe gewen.

Vian, wat bekend is vir sy lang dryfhoue, het die skoonvelde raakgeslaan en 'n puik ronde aangeteken. Jackie Leonard se bestendige spel het hom die tweede plek met 'n nettotelling van 70 houe besorg.

Pieter van Staden het derde geëindig met 'n nettotelling van 74 houe. Pieter het onlangs 'n nuwe stel gholfstokke aangeskaf, en dit lyk of dié belegging reeds dividende begin oplewer!

Lede kan ook uitsien na die jaarlikse RSA Grain Storage Solutions-gholfdag op 23 Oktober. Dié dag is 'n groot fondsinsamelingsgeleentheid vir die gholfklub, en lede sal

hartlik verwelkom word. Soos in die verlede belooft dit 'n heerlike dag met 'n gesellige atmosfeer te wees. Lede word aangemoedig om saam te speel en die klub te ondersteun.

Kom ook gerus vanaand na die Jokertrekking! Die poel staan reeds op R28 000, met slegs 'n paar kaarte oor. Die ideale geleentheid om jou geldkoffer aan te vul!



Verlede Saterdag se Local Choice Maandbekerweners saam met die klubpresident. Van links: Jackie Leonard (tweede), Rikus van Rooyen (klubpresident), Vian Leeb (wenner) en Pieter van Staden (derde).

Heilbron verslaan Sharpeville met 136 lopies

Heilbron se dorpriketspan het die naweek behoorlik gewys waartoe hulle in staat is toe hulle Sharpeville met 'n indrukwekkende 136 lopies verslaan het.

Die tuisspan het van die begin af die voortou geneem en die toeskouers met 'n skitterende kolfvertoning vermaak. Heilbron het 'n stewige 246 lopies op die telbord geplaas, met 22 viere en 10 sesse wat die skare behoorlik op hul voete gehad het.

Dries Bester het met die kolf uitgeblink en 'n uitstekende 50 lopies nie uit nie, aangeteken.

Met die boulwerk het Russel Loft egter die geskiedenisboeke herskryf. Loft het Heilbron se eerste hat-trick behaal en met sy vernietigende boulwerk uitstekende syfers van vier paaltjies vir slegs sewe lopies aangeteken – 'n merkwaardige vertoning.

Bester en Loft se uitmuntende bydraes is verder beloon toe albei as Spelers van die Wedstryd aangewys is.

Met dié indrukwekkende oorwinning is Heilbron se krieketseisoen behoorlik aan die gang. Die span pak Sasolburg die komende naweek en Ratels die daaropvolgende naweek. Die wedstryde word om 13:00 op Hoërskool Heilbron se veld gespeel.

Toegang is gratis, en ondersteuners word genooi om die span te kom aanmoedig, die krieket te geniet en somer die hele gesin saam te bring vir 'n lekker braai langs die veld.

Kom ondersteun Heilbron en maak 'n dag daarvan!



Op die foto vl: Dries Bester, Danie Rietchard en Russel Loft.

Registrations are open for 2027

Developing every child in spirit, body, & soul

- ★ Academic Balance
- ★ Character Building
- ★ Christian Values

BIBLE BASED CURRICULUM

- ★ ACE School of Tomorrow Accredited
- ★ 1:10 Teacher/Child Ratio
- ★ Individualized & Mastery Based Learning

JOY CURRICULUM GR. RRR

STEP BY STEP CURRICULUM GR. RR

Helping kids reach their full potential to thrive in life!

☎ 058 853 1239
✉ sodt@sodheilbron.co.za
📍 64 Precees Str, Heilbron 9650

PARTNERED WITH **A&E**

HINO 700/2841/16T/DUBBELAS

16 Spoed ZF Auto Ratkas / 2019 Model.
336 000km. Voldiens rekord.
BUSAF 20T Sleepwa.
Trok en Wa Graan Kombinasie 32 Ton.
Vol massakante met pasgemaakte seile.
R1.45 Miljoen EXcl BTW.

Kontak Johan 072 436 5588

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205

ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383

ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

WINKELURE

Maandae - Donderdae:
07:30 - 17:00

Vrydae: 07:30 - 16:30

Saterdag: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za

Office Hours

Herald Office National

BKB

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 12 OKTOBER 2026

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSdag - 13 OKTOBER 2026

JOZINI Twee-weeklikse veiling
Kontak Sibusiso Gumede 082 070 0134

UITHOEK BV Kwartaalike veiling
Kontak Mollie Mentz 083 229 2500

WOENSDAG - 14 OKTOBER 2026

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

NEWCASTLE/NORMANDIEN
Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223

THEUNISSEN: CRONCO BONSMARAS
11:00, Grootkuil
Kontak Gert Cronje 083 262 3524

DONDERDAG - 15 OKTOBER 2026

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

DANIËLSRUS 2-Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

VRYDAG - 16 OKTOBER 2026

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

ULUNDI Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHERD,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1998/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071